WOODLAND HILLS NG GEMEENSKAPSKERK BLOEMFONTEIN (WHNGGK)

NUWE MEDELERAARSPOS: JEUG

GEMEENTE- en GEMEENSKAPSPROFIEL

Hierdie gemeente van die Here Jesus Christus is soos volg saamgestel, nl. 0-25 jr = 31%; 26-45jr = 26%; 46-59jr = 16%; 60+ = 28%. Die gemeente is binne 'n sekuriteitsoord geleë. Lidmate kom ook van buite die grense en sommige lidmate registreer net as vriende van die gemeente. Ons opdrag van God is die hele gemeenskap. Omdat die gemeente haar opdrag van God aanvaar, is die Raad van Geestelike Leiers (RGL of Kerkraad) daarvan oortuig dat God die opdrag gegee het om Hom op die landgoed te verteenwoordig. Vanuit Gal 5:6b is die gemeente se visie: "***Al wat van belang is, is GELOOF wat deur LIEFDE tot DADE oorgaan!"*** Ons missie is om dit met uitnemendheid, toewyding en openheid uit te leef.

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE

In nederigheid, bewus van ons gebrokenheid, verlang en bid die gemeente om 'n Gees-vervulde geroepene van God te beroep wat so ver moontlik oor die volgende eienskappe beskik:

- NG gelegitimeerde en beroepbare proponent/leraar (verkieslik 25-32 jaar oud) met preek-bevoegdheid. Indien u in November 2015 gelegitimeer gaan word, kan u ook aansoek doen.
- 'n Passie vir God en sy Koninkryk, maar veral vir die Jeug.
- Iemand wat met die energie van die Heilige Gees respek afdwing en mense kan inspireer en aktiveer om God te dien.
- 'n Entoesiastiese prediker.
- Innoverende leier wat kreatief geleenthede kan raaksien en ontgun.
- 'n Gerigtheid na buite (missionaal). Die uitdaging is om die gemeenskap van Woodland Hills en andere te bedien en na God te lei.
- Vaardigheid in Engels sal tot sy/haar voordeel strek.
- Iemand wat die huidige leraar sal aanvul
- Iemand wat baie goeie verhoudings met mense kan bou en handhaaf. Hoewel ons 'n moderne gemeenskap is, is gereelde huisbesoek aan lidmate van onskatbare waarde.

VERGOEDING

Markverwante vergoeding word aangebied. Behuisingsubsidie is beskikbaar, anders sal 'n doelmatige woning vir die beroepene gehuur word.

AANSOEKE

Aansoeke moet met 'n CV, bewysdokumente van kwalifikasies en die kontakbesonderhede van vier referente vergesel word. Aansoekers **moet** deeglik motiveer hoe hy/sy aan bg. profiel voldoen en oor watter gawes hy/sy beskik.

SLUITINGSDATUM: **Dinsdag 24 November** om **16:00** via een van die volgende adresse:

E-pos: kantoor@whgemkerk.co.za
Faks: 086 588 9638
Slakkepos: Posbus 43459, Heuwelsig, 9332

NAVRAE

Oudl Johan Lombard 082 560 0130 Oudl Hennie Pretorius 082 556 7460
Judy Havenga (Sekretaresse) 051-451 1261 Ds Anton Meiring 079 895 3914

Die RGL/Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.